[ADVERTENSIE-ARTIKEL] NOSA

Werknemers kry hul kennis by NOSA

NOSA Edms Bpk (National Occupational Safety Association) is een van die wêreld se voorste verskaffers van beroepsrisikobestuursdienste en -produkte wat kliënte help om hul dienslewering en sakeprestasie te bevorder.

NOSA spesialiseer in dienste soos sertifisering, konsultasie, ouditering en opleiding, en ontwerp ook pasgemaakte programme wat spesiaal vir kliënte saamgestel word – vir onder meer beroepsgesondheid, higiëne, gehalte, gedrag, MIV/vigs, maatskaplike verantwoordelikheid en volhoubaarheid.

Terwyl daar in 'n vorige artikel oor NOSA klem gelê is op sy ouditprosesse, val die kollig vandeesweek op NOSA se opleidingsprogramme.

Die NOSA-opleidingsakademie is 'n gesondheids-en-welsyn-Seta- en NEBOSH-geakkrediteerde en geregistreerde diensverskaffer (Nasionale Eksamenraad in Beroepsveiligheid en -gesondheid) met 'n bewese prestasie van opleiding oor meer as 60 jaar.

NOSA-opleidingsakademie

Dié akademie bied sowat 50 uitkomsgebaseerde opleidingsprogramme aan wat gegrond is op moderne beroepsrisikobestuursbeginsels en wat werknemers op alle vlakke met kennis en vaardighede toerus ten einde:

- ongelukke in die werkplek te verminder of vermy;
- 'n gesonder werkomgewing te bewerkstellig; en
- omgewingsinvloede op die werkomgewing te identifiseer en bestuur.

Die kursusse is saamgestel op grond van huidige beroepsrisiko-bestuursbeginsels.

Voltydse fasiliteerders in die akademie is by die gesondheids-en-welsyn-seta geregistreer as assessors en moderators.

Opleidingsertifikate wat ná die suksesvolle voltooiing van kursusse uitgereik word, soos SAMTRAC®, is uiters gesog in die bedryf en NOSA geniet internasionale akkreditasie vir verskeie NEBOSH- internasionale sertifikate en diplomas.

Me. Christa Pretorius, Wes-Kaapse streeksbestuurder van NOSA.

NOSA ontvang internasionale akkreditasie

NOSA het internasionale akkreditasie verwerf om die NEBOSH- internasionale algemene sertifikaat in beroepsgesondheid en -veiligheid toe te ken. NEBOSH is ook die leidende liggaam van dié aard in Brittanje.

Kursusse wat uiteindelik lei tot NEBOSH-kwalifikasies, lok jaarliks sowat 30 000 kandidate en word deur meer as 400 kursusverskaffers in sowat 80 lande aangebied.

NEBOSH-kwalifikasies word deur professionele ledeliggame erken, wat IOSH (Institution of Occupational Safety and Health) en IIRSM (International Institute of Risk and Safety Management) insluit.

NEBOSH-eksamens en -beoordelings word deur professioneel gekwalifiseerde personeel bestuur, bygestaan deur eksterne eksaminators, van wie die meeste geoktrooieerde veiligheids- en gesondheidspraktisyns is wat binne die bedryf, die openbare sektor of in gesondheidstoepassingsberoepe werk.

NOSA is die enigste geakkrediteerde diensverskaffer met sy hoofkantoor in Suid-Afrika wat die NEBOSH- Internasionale Algemene Sertifikaat (IGC) toeken. NOSA bied dié kursus teen die laagste tarief in Afrika aan.

Mnr. Wessel Van Staden besig met 'n klas, inleiding tot SAMTRAC®. NOSA se opleidings-akademie bied sowat 50 uitkomsgebaseerde opleidingsprogramme aan wat gegrond is op moderne beroepsrisikobestuursbeginsels.

FOTO'S: STEPHEN WILLIAMS

> **NOSA spesialiseer in dienste soos sertifisering, konsultasie, ouditering en opleiding, en ontwerp ook pasgemaakte programme wat spesiaal vir kliënte saamgestel word.**

Kontak NOSA op dié manier

Vir meer inligting oor opleiding, kontak die Wes-Kaapse streekbestuurder van NOSA, me. Christa Pretorius, by ☎ 021 975 0680 of ☎ 082 442 8676, of stuur 'n faks na ☎ 086 514 7452. Jy kan ook 'n e-pos stuur na christa@nosa.co.za, of besoek die webwerf by www.nosa.co.za.

★ 'n NEBOSH-diplomakursus word van 27 Junie tot 11 Julie in Kaapstad aangebied. Bel bogenoemde nommer(s) of skryf aan dié e-pos-adres vir besonderhede.

Oorsig van die NEBOSH-kursus

Die NEBOSH IGC in gesondheid en veiligheid is 'n gesondheids- en veiligheidskwalifikasie wat internasionaal erken word:

- IGC – Internasionale algemene sertifikaat in beroepsgesondheid en -veiligheid
- ICC – Internasionale sertifikaat in konstruksie (beroepsveiligheid en -gesondheid)
- IEC – Internasionale sertifikaat in omgewingsgesondheid en -veiligheid
- NEBOSH-diploma – die eerste stap om 'n geoktrooieerde gesondheids- en veiligheidspraktisyn te word.

Wie behoort dit te volg?

Bestuurders, toesighouers, nie-veiligheidskundiges, en werknemer-verteenwoordigers met algemene en spesfieke gesondheids- en veiligheidsverantwoordelikhede binne 'n organisasie.

Leer-uitkomste van wêreld se top-risikobestuursdienste

- Om die bestuursraamwerk, morele en ekonomiese vereistes vir goeie standaarde ten opsigte van gesondheid en veiligheid binne 'n organisasie te verstaan;
- Om 'n doeltreffende gesondheids- en veiligheidskultuur in 'n organisasie te ontwikkel en te kommunikeer;
- Om die sleutelkenmerke van 'n gesondheids- en veiligheidsbeleid van 'n organisasie te identifiseer vir die voorbereiding en prestasiehersiening van 'n oudit in dié verband;
- Om die belangrikheid van proaktiewe en reaktiewe gesondheids- en veiligheidsmoniteringsmaatreëls te beklemtoon;
- Om gevare in die werkplek te identifiseer en om risiko-bepalings te doen, bevindings by te hou en prosedures te hersien;
- Om aanbevelings te doen oor strategieë om gevare te beheer, risiko's te verminder en veilige stelsels in die werkplek toe te pas;
- Om brandgevare en verwante risiko's te identifiseer en aanbevelings te doen oor maatreëls om brandrisiko's te beperk en brandbestuursprosedures te ontwikkel; en
- Om die prosesse en prosedures vir die ondersoek en rapportering van ongelukke by die werk te verduidelik.

NOSA®

Oorweeg jy 'n loopbaan in beroepsgesondheid en veiligheidsbestuur?

Registreer nou vir die mees gevraagde kursus in die beroepsgesondheid-, veiligheid- en omgewingsrisikobestuursdienste sektor: SAMTRAC®.

Indien jy jou loopbaan wil groei op 'n internasionale vlak, oorweeg dan NOSA se NEBOSH® kursusse (sertifikate & diploma beskikbaar).

Hierdie en verskeie ander kortkursusse word landwyd by NOSA se opleidingsentrums aangebied, en behels uitkomsgebaseerde opleiding, aangebied deur geakkrediteerde fasiliteerders.

Skakel NOSA se Kaap kantoor vandag nog by Tel: +27 21 975 0680 of stuur 'n epos aan info@nosa.co.za – besoek die webwerf by www.nosa.co.za